Nouwen se werke aanhaal. Die leser kry hierin werklik 'n baie goeie snit uit Nouwen se boeke. Vir die leser kan die lees hiervan geloofsverrykend wees. Inderdaad 'n goeie boek binne die veld van spiritualiteit.

- **Prof J S Kellerman**

Tristian Anne Borer

# CHALLENGING THE STATE. CHURCHES AS POLITICAL ACTORS IN SOUTH AFRICA. 1980-1994.

Notre Dame, Indiana: University of Notre Dame Press. 1998 pp. 289. Sagteband.

Die jeugdige Tristan A. Borer (1965 - ), "Assistant Professor of Government" by Connecticut College, Notre Dame, het Suid-Afrika drie keer in die loop van vier jaar besoek. Tydens sy besoek in 1993 het hy onderhoude met 'n twintigtal meningsvormers in die geledere van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskopskonferensie (SAKBK) gevoer: van Chikane en Cochrane, tot Kistner, Beyers Naudé, Nolan en Villa-Vicencio. Borer se kennis van die Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis berus verder op 'n indrukwekkende bibliografie van uitsluitlik Engelse standaardwerke en artikels, asook primêre bronne (notules, verslae, pamflette, briewe) uit die argiewe van die SARK en SAKBK, en dié organisasies se onderskeie mondstukke, *Internos* en *Ecunews*.

Maar was dit genoeg om 'n boek die wêreld in te stuur met die ambisieuse titel *Challenging the State. Churches as Political Actors in South Africa, 1980-1994?*

Borer se intensie was om die laaste dekade-en-'n-half van die stryd teen die apartheidsbewind te beskryf, en spesifiek die rol van "kerke" in hierdie stryd. Ná 'n eerste sistematiese hoofstuk oor politiek, kerke en kontekstuele verandering beskryf Borer die wortels

van protes teen die staatsbestel in Suid-Afrika (1910 tot einde sewentigerjare); dan die kerklike betrokkenheid in 'n veranderende politieke konteks (die tagtigerjare); voorts die veranderinge wat in godsdienstige denke ingetree het en die opkoms van kontekstuele teologie; die spiraal van betrokkenheid by die politieke stryd; die institusionele konteks waarin debatte verloop het; en ten slotte Suid-Afrika in die 1990's – "New Contexts, New Identities". Wie 'n oorsig soek van hoe instansies soos die SARK en die SAKBK die destydse staat uitgedaag het, sal in Boren se werk genoeg stof vind. Maar dit is 'n ope vraag of Boren se vlag die lading dek. Kan hier sprake van "kerke" wees, wanneer die fokus hoofsaaklik op drie organisasies – die SARK, SAKBK en die Instituut vir Kontekstuele Teologie – val? Is dit genoeg om te stel dat dié drie 'n "alternative church" was wat die protes teen die staat gelei het? Is dit regtig moontlik om oor hierdie jare te skryf, en Afrikaanse kerke – die NG Sendingkerk inkluis – slegs drie keer sydelings ter sprake te bring wanneer na die "powerful and influential pro-apartheid white" Ned. Geref. Kerk verwys word (p. 54)? En verder: waarom kies Boren 1980 om hierdie geskiedenis te periodiseer? Kortom, die kompleksiteit van die verhale van kerke in ons land, verg omsigtige ladings en nederige vlae. En 'n deurwinterde historikus huiwer vir die eie tyd.

Aan die ander kant is Boren eerlik genoeg om twee belangrike kwessies op die tafel te plaas: eerstens, die soeke na toepaslike inhoud vir "new contextual theologies" in die negentigerjare (p. 190). Die outeur wys daarop dat die Eksodusverhaal die primêre simboliek in die kontekstuele teologie van die tagtigerjare verskaf het, maar dat nuwe simbole vir die tyd ná 1990 gesoek moes word – soos dié swerftog van Israel deur die woestyn, of die herbou van Jerusalem se mure ná die Ballingskap. Enigiemand wat die Afrikaanse variante van die kerkgeskiedenis in hierdie land ken, sou luid wou uitroep: broers en susters, pasop! Ongelukkig gaan buitestaanders (soos Boren) onkrities by hierdie teologies-dodelike valluik verby.

En tweedens, dié Amerikaanse perspektief eindig met 'n relevante vraag: "Where have the prophets gone?" (p. 204). En dan word vertel van Chikane, Mkhatshwa en Boesak wat ná 1994 politieke rolspelers geword het (dit was nie anders in 1948 nie!), en Tutu en Villa-

Vicencio wat by die WVK leiding geneem het. Maar meer nog: organisasies soos die SARK en die SAKBK is sedert 1990 in identiteitskrisisse gedompel: "The SACC has shrunk overnight, and that's because of 1990 and the changing context. Its heyday is over" (p. 201). En in 'n land soos Suid-Afrika behoort daar besorgdheid te wees wanneer die profetiese stemme stil raak. In dié opsig het Boren die spyker op die kop geslaan.

- **Ds J J Lubbe**